

# DAK NETWERK KONFERENSIE MAART 2019

أر " دي تال وت مير ي دويدلك اس"

## OOOR 'DIE TAAL WAT MIERE DAIDELIK IS'

Hein Willemse

Ek moet beken dat ek my boeglam geskrik het toe ek vandag se program sien, en sien dat u wil hê dat ek moet praat onder die hofie "Die waarheid oor Afrikaans".<sup>1</sup> Die lidwoord "die" met al sy implikasies van "bepaaldheid", van "vastigheid" en van "sekerheid" het my heeltemal onkant gevang, net soos die begrip "waarheid". Daar is waarskynlik niks so onvasvatbaar soos die begrip "waarheid" nie – dit is 'n woord en 'n begrip wat geleerdes op alle vastelande al vir eeue besighou. En die enigste sekerheid is die eindelose onsekerhede. Wat is waarheid en waarom is waarheid waarheid? Eens kon Thomas Aquinas in die 13de eeu die waarheid verbind met die aanname dat ons die teenwoordigheid van God in die natuur kan sien. Vir Immanuel Kant, vier eeue later, was dit voor die hand liggend dat alle kennis gekleur word deur menslike subjektiwiteit: ons bekyk ons wêreld deur ons eie filters en dat ons die volle omvang van dié waarheid eintlik nooit kan agterhaal nie.

Ek gaan my nie uitspreek oor die idee van waarheid as sodanig nie, maar my voordrag liever toespits op 'n stelling van ds. S.J. du Toit teen die einde van die 19de eeu, en die begin van 'n diskoers wat deels die lotgevalle van Afrikaanssprekendes bepaal het. Vir meer as 'n eeu is hierdie stelling van du Toit as die "waarheid oor Afrikaans" voorgehou, en het 'n formidabele intellektuele struktuur daaromheen ontstaan, talle het daarvoor opgeoffer, talle is omrede daarvan ontken en talle het in verset daarteen gesterf. Vandag vir die toekoms van Afrikaans het ons 'n nuwe omvattender diskoers nodig. In die loop van die voordrag sal dit sin maak om die stemme van ons verlede te laat saampraat, daarom haal ek hulle soms breedvoerig aan.

II

Meesal leef ons in taal en beleef ons taal sonder om daaroor na te dink. Sommige van ons kan 'n hele lewe leef sonder om vir een enkele oomblik stil te staan en na te dink oor hierdie menslike vermoë tot spraak; dat ons ons gedagtes weer kan gee in stringe woorde en sinne,

---

<sup>1</sup> Hierdie toespraak is gelewer tydens die DAK Netwerk-konferensie, "Waarheid en versoening oor Afrikaans" op 30-31 Maart 2019 by die Ou Mutual Konferensiesentrum, Pinelands, Kaapstad.

en verstaanbaar kan maak vir andere. Wat nog te sê van die aard van taal, die geskiedenis van taal, of die assosiasies en emosies wat taal opwek? Taal is soos water of soos lug. Dis eenvoudig daar – teenwoordig – en jy dink nie daaraan nie, tot die dag dat dit besoedel, ondrinkbaar, onbeskikbaar of verstikkend is.

Vir talle van ons wat Afrikaanssprekend is, was Afrikaans vir jare om ons soos water of soos lug – altyd aanwesig. Toe breek Junie 1976 aan. Dit is toe leerlinge in die strate van Soweto plakkate omhoog gehou en betoog het teen Afrikaans as 'n onderrigtaal, en talle in die dae en weke daarna beseer en gedood is. Plakkate soos “We don't want Afrikaans”, “To hell with Afrikaans” of vir my, een van die mees veelseggende: “The black nation is not a place for impurities: Afrikaans stinks!” Dit was 'n dag van herkenning vir ons as Afrikaanssprekendes, 'n oomblik van openbaring. In Derridaanse terme sou ons waarskynlik die moment kon tipeer as *la rupture*, “die breuk”, die gebeurtenis. Dit was die oomblik van die herkenning van die taligheid van taal, of meer presies: die “taal-heid” van Afrikaans. Die oomblik waarin nie net die aard van taal as sodanig ontbloot is nie, maar ook die assosiasies van Afrikaans, ons eie verbintnisse en selfs ons sin van verbondenheid.

“Afrikaans stinks!” Afrikaanse mense het verbysterd voor dié soort uitspraak gestaan: ons taal het 'n smet geword. Ons het rasideel probeer verklaar dat dié en ander slagspreuke soos “Afrikaans is the language of the oppressor” uitsprake van vernet is; dat dit emotiewe ontleding is; dat die verwerping van 'n onderwysbeleid bedui word en dat teen 'n totale stelsel in opstand gekom word. Ons het besef dat dit nie hier gaan oor die geldigheid of die ongeldigheid van 'n uitspraak nie, maar oor 'n totale beleving. Ons kon die assosiasie met apartheid, politieke en ekonomiese onderdrukking en die aktiewe verwerping van regeringsbeleid en Afrikanernasionalisme insien, maar waarom die taal die skuld gee, is gereeld gevra.

Daar was ook 'n ander kant. Wat van diegene wat nie regstreeks onder die ban van Afrikanernasionalisme geval het nie, wat nie deel van die volk was nie, maar wie se totale beleving van hul wêreld in dié taal geskied het? Ook hulle was Afrikaans in hart en niere. Hoe het hulle op daardie moment van openbaring gereageer? Ook hulle kon hulle nie vereenselwig met die taal wat die draer van Afrikanernasionalisme en apartheid geword het nie. Ook hulle het Afrikaans as onderdrukkend ervaar. Hulle moes leer leef met 'n neerdrukkende teenstrydigheid, 'n dubbele bewussyn: enersyds was Afrikaans hul hartstaal en andersyds was dit die simbool van hul eie verdrukking.

Ons kom uit 'n geskiedenis waar kolonialisme en apartheid hulle – ons – oral gestuit het. Ons voorgeslagte is beperk tot houthakkers en waterdraers, en hul potensiaal en inisiatiewe is by die hakske ne afgekap. Die Afrikaans wat ons in die bo-dorp beleef het, of wanneer óór ons gepraat is, was 'n taal van ontheemding, van vervreemding, van ontkenning. Dit is ontsettend om in jou eie taal 'n mindere, 'n vreemdeling, 'n gebrekkige kuriosum geag te word.

### Hoe het ons by dié punt beland?

Vir meer as 'n eeu bestaan die aanname dat Afrikaans die eiendom is van één seksie van sy sprekers. Dink aan S.J. du Toit se uitspraak in 1874 in *De Zuid-Afrikaan*: “Afrikaans is 'n witmanstaal, 'n suiwer Germaanse taal, een van suiwerheid, eenvoudigheid, bondigheid en kragtigheid”.<sup>2</sup> “Die Hottentotte”, het hy gesê, het hul tale verlaat en dié van “die witman” aangeneem. Met hierdie stellings kamp hy “Afrikaans” af, net soos hy sou doen met die begrip “Afrikaner”, en begin hy 'n diskoers wat alle ander aansprake daarop ontken of verdag maak.

Wat Du Toit ignoreer, is dat die oorspronklike Suid-Nederlandse variant te midde van die 17de en 18de eeuse Kaapse mengelmoes, lankal nie meer die taal van die kolonis was nie, maar in die monde van die inheemse mense, voormalige slawe en andere besig was om 'n ander taal te word. Terwyl hy en sy kollegas hul debat oor Afrikaans gevoer het, is die eerste godsdienstige boek alreeds in daardie taal geskryf. Sjeg Abu Bakr Effendi, 'n Koerdiese teoloog, skryf in sy voorwoord tot *Bajaan al-Din* ('n Uiteensetting van die Geloof, 1869/1877):

دان اس نودخ اك موت سكريجو مت دي تال وت ميري دويدلك اس توسن هويل لات هويل كن وبت اكام  
مت خمكاك اب دي رختي منري

(“dan es noedigh ik moet skrajwe met die taal wat miere daidelik es tussen hoewaile (hulle), laat hoewaile kan wiet *agaama* met ghamaakelik op die rigte maniere”)<sup>3</sup>

Dit is aan die begin van die Arabies-Afrikaanse skriftradisie. Teen die begin van die 20ste eeu sou skrywers soos Abdullah Abdurauf, Hisham Effendi, Magmoed Ghatieb, Abdurakib

---

<sup>2</sup> Aangehaal in Hermann Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a People*, Tafelberg; University of Virginia Press, 2003, p. 217.

<sup>3</sup> Abu Bakr Effendi, *Bajaan al-Din*. Konstantinopel, 1877, p. iii. Die oorspronklike teks is ongevokaliseerd en word so behou. Die manuskrip in Arabiese skrif is reeds in 1869 voltooi en as handgeskrewe teks versprei, want dit kon destyds nie plaaslik gedruk word nie. Uiteindelik is dit twaalf jaar later in Konstantinopel, Turkye gedruk.

ibn Abdul Kahaar en Abdurahim Muhammed al Iraki al reeds hulle godsdienstige tekste in dié tradisie geskryf het, en Muhammed al Iraki sou 'n paar jaar later 'n woordelys opstel met die titel *'n Vaif talige woordelais en kort sinnetjies in Arab, Farsi, Hindistani, Afrikaa en Engels* (1905).

Dié is tekste geskryf in Afrikaans, geskryf in 'n taal wat die Engelse owerhede verguis het, maar ook deur mense wat later voorstanders van die “suiwer Germaanse taal” sou word. Dié vorm van 'n ontwikkelende Afrikaans is Kombuis-Hollands of Hotnots-Hollands genoem en dit was die taal wat hierdie geestelike leiers gekies het om hulle godsdienstige tekste en rituele in te verwoord. Dit was die taal van hulle gemeenskap. Achmat Davids sê dat Moslems die Arabiese skrif, die skrif waarin die Koran geskryf is, as heilig beskou en dit met eerbied ook in hulle alledaagse omgang hanteer.

The Cape Muslims therefore did not view Afrikaans as a language of inferiority [... .]  
They saw Afrikaans as an inherent part of their psyche and were prepared to transmit it in writing, using their sacred script.<sup>4</sup>

In dié opsig is dit sinvol om uit te wys dat skeldname altyd van buite-af toegeken word, byna nooit deur die benoemdes self nie.

Linguïste sê dat taalverandering verder terugstrek. Afgesien van die eerste tolke soos Doman, Autshumao en Krotoa en dié wat voorheen met Europese seevaarders in kontak was, was daar vroeg reeds spore van taalaanpassing. U ken die bekende aanhaling van Willem ten Rhyne uit 1686, nagenoeg dertig jaar na Europese besetting. Te midde van sy bespreking oor die Khoikhoi se geestelike beleving in sy verslag *Schediasma se Promontorio Bonae Spei* ('n Verslag van die Kaap van Goeie Hoop) gee hy 'n man se gebroke Nederlands weer, 'n aanduiding van 'n nuwe taal wat in wording is:

Dat is doet: Was makom? Duytsman altyt kallom: Icke Hottentots doot makom:  
Mashy doot, Icke strack nae onse grote Kapiteyn toe, die man sy soon witte Boeba geme.<sup>5</sup>

(Kom! Wat doen jy? [Die] Hollander sê altyd: Ek maak Hottentotte dood. Wel dood!  
As ek doodgaan, gaan ek reguit na ons Groot Kaptein. Hy sal my wit osse gee.)

---

<sup>4</sup> Achmat Davids, *The Afrikaans of the Cape Muslims*, edited by Hein Willemse & Suleman E. Dangor, Protea, 2011, p. 86.

<sup>5</sup> Olfert Dapper, Willem ten Rhyne & Johannes Gulielmus de Grevenbroek, *The Early Cape Hottentots described in the writings of Olfert Dapper (1668), Willem ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695)*, translated by I. Schapera & B. Farrington, series 1, no. 14, Van Riebeeck Society, 1933, pp. 140–41.

Uit die Kaapse mengelmoes was 'n ander taal aan 't ontwikkel wat du Toit grotendeels ontken het ten gunste van 'n eng nasionalistiese diskoers.

III

'n Diskoers of 'n diskursiewe formasie, sê Michel Foucault, die Franse filosoof, bestaan uit daardie verspreide stellings oor 'n vakgebied, aannames en praktyke wat met verloop van tyd as wetenskaplike waarheid geag word. Op die lange duur neem so 'n diskursiewe formasie die allure van algemeen-aanvaarde feite, van kennis aan. En kennis is mag; die een speel in op die ander. Dit is hierdie kennis/mag wat geleerdes en instellings soos skole en universiteite in 'n samelewing bepaal, en daarmee saam die limiete van ons kennis; wat ons sê en wat ons nie durf sê nie. Maar meer nog: hierdie kennis word dwarsdeur 'n samelewing as die waarheid aanvaar, deur die media versprei, in tempels en op verhoë verkondig, en in kuierplekke en tafelgesprekke sonder teenspraak voorgedra. En so kry die stellings, die diskursiewe formasie vastigheid, en word die kennis waarheid.

Du Toit se uitspraak staan aan die begin van die skepping van so 'n diskoers oor Afrikaans as "witmanstaal". Hy sou 'n groot rol speel in die oprigting en uitvoering van die aktiwiteite van die Genootskap van Regte Afrikaanders waar die taal regstreeks verbind is met die aspirasies van 'n opkomende Afrikanernasionalisme. Net so sou hy Afrikanerskap eng omskryf en *Die Afrikaanse Patriot* as middel gebruik om die Afrikaners te leer dat Afrikaans húl taal – húl "kosbaarste besitting" is en dat hulle 'n plig het om dit tot "landstaal" te ontwikkel.

Op basis hiervan sou Du Toit se nakomelinge en opvolgers 'n formidabele taal- en letterkundige infrastruktuur opbou, een wat wesenlik op die uitsluiting van nie-Afrikaner Afrikaanse sprekers gebou is. Selfs waar hulle as taalgenote herken is, is die oordeel oor hul morele en sosiale plek in die samelewing so fel dat hulle in sommige gevalle tot totale verdoemenis veroordeel is. Ek herinner u aan J.H. Rademeyer se 1938-studie *Kleurling-Afrikaans – die taal van die Griekwas en Rehoboth-basters* waar dialektiese taalondersoek deels versand in pejoratiewe etnografiese beskrywing:

Die kleurlingtaal van ons land het tot dusver nog so goed as geen aandag geniet nie en het nog maar altoos gedien vir een doel: om te amuseer! Dat die kleurling sy gedagte soms op heel komiese wyse kan uitdruk, dat sy beskrywing aan oorspronklikheid soms niks te wense oorlaat nie en dat hy dikwels gebruik maak van

uitdrukings en wendinge wat vir die blanke vreemd is en *dus* bereken is om die lagspiere te prikkel, dit weet omtrent elke blanke inwoner van die land.<sup>6</sup>

Hierdie sprekers van “kleurlingtaal” beweer Rademeyer verder

. . . is vandag 'n rampsalige en ontaarde groepie mensekinders [. . .] wie se luiheid, ontugtigheid en die neiging om te verkwis ingebore skyn. [. . .] vertroubaarheid en waarheidsliewendheid is deugde wat mens byna vergeefs by hulle soek [. . .] sterk drank is hulle afgod en jeremiades hulle grootste troos in hierdie tranedal van onreg. Kortom, die indruk wat 'n mens van hulle kry is dat hulle vroeër of later gedoem is tot algehele ondergang.<sup>7</sup>

Ter opbou van die taalkundige infrastruktuur is teorieë oor die ontstaan van Afrikaans geformuleer om gedagtes oor kreolisering te neutraliseer; woordelyste, spelreëls en etimologieë te skep wat aantoonbaar die plek en rol van die Bolandse variëteit of die moontlikhede van Khoi- en slawe-herkomst ondermyn, of grootliks nie in berekening bring nie. 'n Bewuste proses van vernederlandsing, Germaanse taalnormering, die uitweier van anglisismes is onderneem om die smet van “onsuiwerheid”, inheemse, slawe en Engelse invloed in die spreek- en skryftaal te minimaliseer en die stempel van algemene beskaafdheid, van Afrikaans as kultuurtaal daarop te plaas.

'n Letterkundige stramien is gevestig waar nie-Afrikaner skrywers buitelanders tot die Afrikaanse letterkunde geag word, of tot kuriosa verklaar is. In Gerard Dekker se woorde wanneer hy S.V. Petersen se debuut *Die enkeling* (1944) afmaak as “roue krete van opstand” wat “in *ons taal* die skrynende leed tot uiting dring van hulle wat die slagoffer is van die sondes van die vaders”.<sup>8</sup> Die indruk van uitsluiting is nie terloops, 'n eiesoortige oordeel of 'n verspreking nie, want dit is ingebed in 'n oorhoofse stelsel waaraan 'n nie-Afrikaner hoogstens 'n sekondêre deelnemer kan wees, en 'n stelsel waarvan die apartheidsbeleid 'n simptomatiese uitvloeisel was.

“Afrikaans stinks!” – ook wanneer uitsluiting teen mede-Afrikaanse sprekers gepleeg is. Die ervaring van uitgeslotenheid het werklike nagevolge gehad. Ek herinner my weer aan die priemende woorde van Petersen in 'n nooit-gepubliseerde artikel in 1952:

---

<sup>6</sup> J.H. Rademeyer, *Kleurling-Afrikaans – die taal van die Griekwas en Rehoboth-basters*, N.V. Swets & Zeitlinger, 1938, pp. 11-12.

<sup>7</sup> Rademeyer, pp. 22-23.

<sup>8</sup> G. Dekker, *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*, 13de druk, bygewerk tot 1966, Nasou Bpk, s.j., p. 292, my beklemtoning.

Ek praat Afrikaans, ek praat Engels net so goed of net so sleg; ek lees en verstaan wat ek lees in Nederlands en in Duits [...]

Kortom my beskawing is Westers. My land is Suid-Afrika. Begryp u, ek soek nog altyd na die andersheid van my Blanke broer. Hy wil my mos nou ten ene maal om die dood nie erken as sy rasgenoot nie, as sy landgenoot nie, as sy taalgenoot nie, as sy eie vlees en bloed nie. Hy beweer dat ek vir hom 'n probleem geword het. [...]

Hy klap die voordeur toe in my aangesig, hy beledig my in die oë van die wêreld, hy fence my in. Ek mag nie dit nie, ek mag nie dat nie. Dis Europeans Only hier, dis Europeans Only daar. Ek is mos nie melaats, of aaklig nie? Ek is nie vuil, of aanstootlik nie?<sup>9</sup>

Dit is die nagevolge van die diskursiewe formasie van Afrikaans as 'n "witmanstaal" wat vanaf die einde van die 19de eeu die meerderheid van sy sprekers uitsluit, wat aanleiding gee tot die gebeure van 1976, en wat steeds derduisende sprekers vervreem. Dit is hierdie diskoers wat met elegante eufemismes, strategiese aanpassings hier en daar tot waarheid verhef is en wat 'n koersaanpassing benodig indien die voortgesette groei en ontwikkeling van Afrikaans ons erns is.

Ek dank u.

---

<sup>9</sup> S.V. Petersen, "Agter die grenslyn", Doc 118.Z.Pr.P., D.J. Opperman-argief, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, 1952, p. 2.

# WAARHEID EN VERSOENING IN AFRIKAANS

Braam Hanekom

Mag ek begin deur eerstens vir ons organiseerders baie dankie te sê vir die voorreg om deel van hierdie unieke konferensie te wees. Mag ek ook begin deur my waardering teenoor al die vorige sprekers gister uit te spreek. Die veelkleurigheid van aanbiedinge en die energie in die saal was, om die minste te sê, inspirerend! 'n Konferensie is nie 'n plek waar jy altyd klaar antwoorde kry nie, maar dit moet beslis 'n plek wees waar jy gestimuleer word om te dink. Dit het reeds gister gebeur. Een voorbeeld: Ek wonder steeds oor die keuses van 16 Junie en 16 Desember as gekose datums vir Jeugdag en Versoeningsdag. Ek is versoek om iets oor versoening in Afrikaans te sê.

Versoening het in ons dag en tyd 'n gelade woord geword. Sommige beskou dit ook as 'n goedkoop woord. Om deur vriende uit ons bruin gemeenskap genader te word om oor versoening in Afrikaans te praat, laat jou eerstens half verleë en deeglik bewus van die uitdaging voor jou. Andersyds vul dit jou met 'n mengsel van hoop en opgewondenheid oor nuwe moontlikhede wat kan ontvou.

Ons moet egter net vir 'n oomblik die konteks waarin ons onself bevind, ernstig neem. Die konteks vra om veel ernstiger besinning as bloot 'n akademiese gesprek oor die versoeningspotensiaal van Afrikaans. Ons praat vandag met mekaar in 'n konteks van massiewe sosiaal-maatskaplike en ekonomiese (armoede) uitdagings; dit terwyl die sosiale kohesie in die land waarskynlik van die laagste sedert 1994 is.

Maar kom ons probeer. Mag ek in die lig hiervan 'n paar kursoriese opmerkings oor versoening in Afrikaans maak.

## 1. Die samebindende potensiaal van Afrikaans

Afrikaans was en is die groot samebindende faktor wat “wit” Afrikaners in hul vroegste ontstaansjare saamgebind het en is van die min dinge wat oorgebly het wat hul vandag saambind. Politiek doen dit nie meer nie, koeksisters of volkspele beslis nie, kerke of geloof ook nie en ek is nie seker of *waardes* dit aldag doen nie.

Op 'n goeie dag in Augustus 1875 is daar o.l.v. mense soos Arnoldus Pannevis 'n beweging gestig genaamd die *Genootskap van Regte Afrikaners*. Hy was bevrees dat “taalgenote” nie meer behoorlike Nederlands kon praat nie en dat die nuwe taal afgemaak is as 'n “kombuistaal”. Die taal was egter nuut en vars, verryk met woorde uit die Koi en Kaapse



Maleise gemeenskappe. *Sonder dat hy dit beseft het, het hierdie "nuwe taal" die gom geword wat Duitsers, Nederlanders, Engelse, Franse en vele meer sou saambind.* Die taal het gelyklopend verdere grense deurbreek en 'n ruim huis geskep waarin nie net vermengde Europeërs 'n tuiste sou vind nie, maar mense van 'n veel diverser afkoms. Afrikaans het dus nie net die tuiste vir vermengde Europeërs geword nie, maar ook vir diegene van ander etniese afkomste wat met die tyd in hierdie ryke skakering van kultuur en tradisie ingewef is. In die DNS van Afrikaans is daar dus iets ingewef wat diversiteit vergestalt.

Hoor hoe verwoord Piet Philander dit:

Aan die loefsy van Swartberg  
se veldblomme en kruie  
het ek op Caledon ongeërg  
met 'n gegons van heuningbye  
in die voorjaar ryp geword...

Daar was dus reg van die begin af 'n noodwendige, vanselfsprekende, versoenende potensiaal in die taal opgesluit. Ongelukkig was daar lang tye waarin pigment harder gepraat het as ons verbale verbintenis en erfenis. Ons het toegelaat dat pigment ons kulturele erfenis gepolariseer het.

Die pyn van hierdie verskeurdheid vind jy weggesteek in die gedig van Sydney Petersen:

Lekker Boeing  
daa'ie 747  
wegvlug  
van 'n D F Malan  
Van 'n ge-jabaas  
en 'n ge-neebaas  
kommervry  
van 'n ge-hierjy!  
Vlugpassasier  
'n alleenman sit hy  
hy wat nou  
lugkastele bou  
In sy 747  
die onderdaan  
hy? No fear  
lankal nie meer.

Daar's 'n Eldorado  
êrens  
in die wêreld  
en 'n hemel blou bo!

Maar ook Piet Philander aan die einde van sy lewe in Amerika:

Gedagtig aan ou Flenterkatiera-Maans  
as my skoorsteen se yskoue wind  
soos SV se verse snik in "Die stil kind"  
word my vingers hier al kouer saans  
en ek vra myself: "Wat soek jy hier"  
stoksielsaligalleen voor "n uitgebrande vuur?"

Ons moedertaal se kinders moes soms in hul eie taal wegvlug van mekaar en alleen rou.  
Vandag gebeur dit steeds.

## **2. Die taal is 'n unieke (versoenings)geskenk wat ons misgekyk het en steeds miskyk**

Laat ek 'n sensitiewe metafoor gebruik. Ek is 'n stoere ondersteuner en onderskrywer van die Belydenis van Belhar. Die Sinode van Wes-Kaapland het die Belydenis met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar, maar die Algemene Sinode nie. Onlangs het ek, nadat ek begin beseft het dat *kerklui van politici dinge verwag wat ons self nie in die kerk wil doen nie*, aan die huidige leierskap in die NG Kerk gevra of die tyd nie gekom het dat die NG Kerk Wes-Kaapland van die Algemene Sinode moet afstig en een met die VGK Kaapland word nie. Hierdie sou nie 'n afskeiding wees nie, maar 'n hergroepering om dit wat prinsipiëel by mekaar hoort, saam te voeg. Ons roem daarop as gereformeerdes dat ons *belydenis* ons kerkwees konstitueer. Wel, as ons eerlik is, is ons tans mos veel nader aan die VGK as die Algemene Sinode... of nie? Speel etnisiteit en pigment steeds die deurslaggewende rol? *Soos ons destyds egter gehoop het dat hierdie belydenis, wat as geskenk uit die Sendingkerk na ons toe gekom het, ons nader aan mekaar sou bring, behoort ons nou ook die vraag te vra of hierdie taal wat ewe-eens as geskenk aan ons gegee is, dit ook kan doen.*

Daar is egter 'n paar verklarende notas wat bygevoeg moet word:

## **3. Versoening in Afrikaans mag nooit 'n subtiele verskoning wees om 'n "uitgebreide etniese groepering" daar te stel wat 'n bolwerk teen "die nuwe**

**swart gevaar” moet vorm nie.**

**4. Ons sou 'n groot fout maak as ons dink dat die taal vir ons kortpaaie na versoening kan gee.**

Die opmerking oor jongmense wat Afrikaans die rug keer, is 'n kortpad. Mense mag dink dat deur van Afrikaans weg te stap, ek my hande soos Pilatus van ouds kan was. Jy kan inderdaad 'n rassis in enige taal wees. Versoening is versoening en al die elemente van ware versoening behoort ook hier te geld: Belydenis, herstel van geregtigheid, restitusie en uiteindelik vergifnis. In Afrikaans is dit nie anders nie. Oor waar ons tans in hierdie proses staan, is daar verskillende opinies en menings. Feit bly, daar is geen kortpaaie nie. Die taal kan wel die vrugbare bodem skep vir hierdie gesprekke.

**5. Afrikaans kan ons help om die verskillende NARRATIEWE wat verskillende groeperinge oor mekaar het, te deel, te analiseer en selfs te dekonstrueer. Ons struikel feitlik daagliks daaroor.**

**6. Kortom, Afrikaans kan en behoort die brug te help bou wat oënskynlike onoorbrugbare klowe oorbrug.**

Die probleem is dat, as die brug dikwels as 'n lendelam brug geëtiketteer word, mense huiwerig sal wees om dit te gebruik. As die brug beswadder word as 'n brug wat na nêrens gelei het nie, sal mense ewe-eens huiwerig wees om dit te gebruik. Die versoeningspotensiaal wat in die taal opgesluit lê, sal gekonkretiseer moet word deur praktiese voorbeelde van versoende Afrikaanssprekendes.

**7. Daarom sal die taal verder net in haar versoeningsrol/brugboufunksie slaag as ons die potensiaal en unieke bydrae van die taal na waarde ag.**

Ons kon in Afrikaans harte oorplant, die atoom uitpluis, satelliete in wentelbane plaas, unieke wyn maak, van die kosbaarste poësie en prosa skep en mense oplei wat van die leidende sakelui op die planeet kon word... Ek is oortuig dat die taal se *denkstruktuur* ons kan help om unieke moontlikhede te ontsluit, ook daardie komplekse moontlikhede wat ons nodig het as dit kom by versoening... maar daar is meer... Breyten Breytenbach het in 'n gesprek oor Afrikaans op Stellenbosch gesê dat elke taal unieke bewussynsvelde ontsluit wat net deur daardie taal ontsluit kan word. Eenvoudig gestel, daar is sekere dinge wat jy net in sekere tale kan verstaan en sê.

**8. Die taal kan alleen in haar versoeningsrol slaag as die taal aangewend word om eerlik en opreg die WAARHEID te kommunikeer.**

Hierdie gesprek in Afrikaans sal oor ongemaklike onderwerpe soos restitusie en ekonomiese geregtigheid, die aanwend of wegwys van bestaande vaardighede, ons onderwys en die toestand van ons demokrasie gevoer moet word. Die gesprekke kan en mag nooit alleenlik 'n gesprek oor die taal wees nie, maar waagmoedige dialoog in Afrikaans oor *die gemeenskaplike WAARDES*, drome, ideale en doelwitte wat die taalgenote deel.

**9. Maar dan het ons ook in Afrikaans reusefoute gemaak...**

Daarom moet enige gesprek oor en in Afrikaans 'n nederige gesprek bly. Die erkenning van die mistasting van die verlede sal en behoort vir 'n lang tyd deel van die gesprek te bly. Die arrogansie wat ons groot foute laat maak het, mag nooit weer terugkeer nie. Die versoeningsgesprek kan en mag daarom nooit 'n eksklusiewe gesprek bly nie. Wanneer die gesprek met mekaar gevestig is en ons in Afrikaans die unieke versoeningsmoontlikhede uitpluis, moet dit gelyklopend met ander taalgroeperinge in ons kosbare land voortgesit word. Dit moet met 'n dringendheid gebeur. Nooit mag die taal weer 'n veilige eksklusiewe enklawe skep nie. Die taal moet ons die hele tyd help oor hoe ons brûe op onmoontlike plekke kan bou en oorsteek!

**Ek sluit af met die woorde van Piet Philander en SV Petersen:**

*Aand op Genadendal*

*Deur die donker Dal uit Baviaanskloof hier*

*vloei die stroom na die eeu-oue Sondereindderivier*

*Terwyl Wonderklippe teen die noordewind waak*

*en die vuurvliegies een-een uitgedoof raak*

Wie wil, kan

om den brode skrywe,

ek skryf dalk net

om my ek te ontdek.

Die traan is wel soms

in die lag verskuil

daarom lag ek,

as ek eintlik wil huil.

# NOG HOOFSTUKKE UIT DIE STORIE VAN AFRIKAANS

Hans du Plessis

## INLEIDING

U sal my asseblief vandag maar moet verduur: ek gaan nie 'n akademiese lesing lewer nie, miskien net 'n outydse les sonder digitale fieterjasies. Sommer net met u oor Afrikaans gesels, meer spesifiek oor waar die storie van Afrikaans begin en waarheen ek dink ons met ons taal op pad kan wees. Kom ek sê dit sommer heel aan die begin: ek is nie negatief oor die toekoms van Afrikaans nie. Vir my is Afrikaans die taal van versoening tussen Suid-Afrikaners, eenvoudig omdat Afrikaans die enigste Suid-Afrikaanse taal is wat met die een voetjie in Europa staan en 'n groot voet in Afrika. Dalk is ek van Afrikaans se toekoms sekerder as wat ek van sy verlede is. Nogtans praat ek vandag met u oor ons taal se verlede wat baie dieper in Afrika as in Europa ingeplant is.

Die klem op erkenning vir die Afrikageskiedenis van Afrikaans is nie so danig nuut nie. Vroeëre insigte, soos dié van G.S. Nienaber, navorsing oor die Oosterse invloed op Afrikaans van dr. Piet Muller in die jare sestig en Achmat Davids later en Theo du Plessis se herdefinisie van die sogenaamde eerste en tweede taalbeweging is hiervan 'n bewys. Maar die politiek van die dag kon hierdie insigte nie verduur nie.

Teen hierdie agtergrond wil ek graag aandag skenk aan die aard van taalnavorsing teen die einde van die vorige eeu, navorsing wat die Afrikaanse taalgeskiedenis herskryf het, en waarvan wyle Christo van Rensburg die voorloper was.

## INTERTAAL EN TAALVARIASIE

Reeds in die vroeë jare tagtig verskyn daar verskeie studie oor drie hoofdialekte van Afrikaans, naamlik Oranjerivierafrikaans, Kaapse Afrikaans en Transvaalse Afrikaans wat vandag nog selfs geografies waargeneem kan word. In moderne Afrikaans moet ons eerder praat van drie variëteitsgroepe wat onderskei kan word. Hoewel die drie dialekte histories teruggevoer kan word na drie baie vroeë aanleedersvariëteite van Afrikaans, sluit dit vandag groter variasie as bloot dialektiese variasie in.

Laat ons vir 'n oomblik stilstaan by die term aanleedersvariëteit teen die agtergrond van die intertaalteorie. Die teorie gaan uit van die standpunt dat wanneer tale in noue kontak met mekaar kom, die tale mekaar onderling beïnvloed. Om verskeie redes word een van die tale in die kontaksituasie verhef tot prestigetaal, wat beteken die meeste sprekers aanvaar dit as

doeltaal of teikentaal, en daarna streef om dié teikentaal aan te leer. In hierdie strewe bly daar heelwat reste van hulle moedertaal, wat die brontaal genoem word, in hulle vorm van die teikentaal oor. Daar ontstaan met ander woorde 'n tussentaal of 'n aanleedersvariëteit. In die geval van die sewentiende-eeuse Kaap was die teikentaal Nederlands en die brontaal was een of meer van die Khoi-tale. Hieruit ontstaan die eerste tussentaal, naamlik Khoi-Afrikaans, die vroegste aanleedersvariëteit van Nederlands. Dit is wat ons vandag as Oranjerivierafrikaans ken.

Teen die tweede helfte van die 17e eeu word slawe aan die Kaap toegelaat wat ook mense uit die Ooste ingesluit het. Die kontak tussen Oosterse tale, veral Maleis, en Nederlands voed die tweede historiese aanleedersvariëteit, naamlik Slawe-Afrikaans of dan vandag Kaapse Afrikaans of Kaaps.

Die eerste koloniste wat voor en saam met Van Riebeeck in die Kaap aanland, bestaan hoofsaaklik uit soldate en matrose wat nie noodwendig almal Nederlandssprekendes was nie en wat in elk geval min kontak gehad het met die "standaardvorm" van sewentiende-eeuse Nederlands. Taalkontak met die Khoi, Boesman, slawe en andertaliges veroorsaak dat die gewone kolonis ook streng gesproke 'n vroeë aanleedersvariëteit van Afrikaans ontwikkel, naamlik Veeboerafrikaans, waarna deesdae as Transvaalse Afrikaans verwys word.

Die somtotaal van hierdie drie historiese variëteite en hulle uitgebreide skat van moderne dialektiese en sosiolektiese subvariasies is wat my betref, dit wat ons vandag Afrikaans noem.

### **DIE KAAPSE VOORPOS: BAKERMAT VAN AFRIKAANS**

Die vestiging van die Kaap as kolonie, nie net as verversingstasie nie, het 'n beduidende invloed op die vestiging en ontwikkeling van Afrikaans gehad. Die aanvaarding van inwoners as vryburgers lei tot die beweging van mense, veral inheemse mense en veeboere, uit die onmiddellike omgewing van die skiereiland en die Boland. Groot getalle Khoi-Afrikaanse en Veeboer-Afrikaanse groepe trek oor die Hottentots-Hollandberge die binneland in. Die aard van die gebied en die veebedryf noord van die berge, suid van die Gariep, tussen die twee oseane skep 'n nuwe en komplekse gemeenskap wat kultureel, ekonomies en intellektueel ver verwyderd raak van die meer geordende gemeenskap in die onmiddellike omgewing van die Kaap.

Ek verkies om na hierdie gebed as die Voorpos te verwys omdat dit vir my veel meer insluit as 'n term soos Oosgrens. In hierdie wye en droewe land woon en leef 'n diverse gemeenskap van Boesman, Khoi, Oorlams, Baster trekboer en veeboer. Die inwoners van die Voorpos van die agtiende eeu is om verskeie redes op mekaar aangewese om te kan oorleef, wat daartoe lei dat die Voorposgemeenskap van die agtiende eeu op verskillende vlakke op vreedsame naasbestaan aangewese is. Hulle moet met mekaar kommunikeer om te oorleef, en die taal waarin hulle met mekaar praat, is Afrikaans, veral Khoi-Afrikaans en Veeboer-Afrikaans. Hier word die aanleedersvariëteite ontwikkel tot volwaardige moedertaalvariëteite van 'n nuwe taal. Omdat daar nie 'n beduidende aantal slawe aanvanklik saam met relatief arm veeboere die Voorpos ingetrek het nie, ontwikkel die aanleedersvariëteit van die slawe in die Kaap op 'n ander manier tot volwaardige Afrikaanse variëteit.

Die term Voorpos word verkies as parallel van die Amerikaanse Frontier, wat op veel meer dui as op 'n blote geografiese gebied. Die Kaapse Voorpos is die skepper van 'n nuwe Afrikaanse identiteit, 'n vernietiger van 'n Kaapse, koloniale mentaliteit. En die aanleedersvariëteite word die moedertaal van 'n nuwe geslag inheemse Afrikaanssprekendes wat die grondslag vorm van moderne Afrikaans.

Afrikaans trek in die negentiende eeu in twee rigtings: Khoi-Afrikaans trek hoofsaaklik noordwes tot in die huidige Namibië en Veeboer-Afrikaans saam met trekboere en die Groot Trek noordwaarts oor die Gariep. Die ontleding van die grammatika van moderne Afrikaans op al die analisevlakke lewer voldoende bewys daarvan dat die ontstaan van Afrikaans nie uitsluitlik 'n spontane ontwikkeling van Nederlands kan wees nie.

Aangesien hierdie praatjie nie voorgee om 'n akademiese lesing te wees nie, volstaan ek daarmee dat daar sedert die jare sewentig van die vorige eeu voldoende navorsing oor Afrikaans en sy Afrika-verlede gepubliseer is om voorgaande argumentasie te ondersteun. Dit is veral die belangstelling in en navorsing oor die variëteite van Afrikaans sedert die tagtigerjare wat navorsers opnuut laat besin oor die geskiedenis van Afrikaans. Teen die agtergrond van die sociolinguistiek word variëteite van 'n taal nie meer as minderwaardig beskou nie.

## **STANDAARDAFRIKAANS VANDAG**

Wat dan van Standaardafrikaans? mag jy vra. Waar staan Standaardafrikaans as karakter in die nuwe storie van Afrikaans vandag?

Ná vyf eeue Afrikaans kan ons nou seker ook vra: Watter een van die drie aanleedersvariëteite is vandag die belangrikste en watter een is moderne Standaardafrikaans? En my antwoord is eenvoudig: nie een nie!

Wat my betref, word die gesprek oor die ontstaan van Afrikaans verduister en verkonkel deur 'n oënskynlike misverstand oor waaroor ons eintlik stry. Die ontstaansgeskiedenis word bepaal deur die Afrikaanse variëteit wat ter sprake is. Oranjerivierafrikaans het 'n Khoigeskiedenis, Kaaps het 'n Oosterse geskiedenis en Transvaalse Afrikaans het 'n veeboergeskiedenis. Natuurlik is die basis van hierdie drie telkens sewentiende-eeuse Nederlands, maar nie een van die drie is die resultaat van die spontane linguïstiese ontwikkeling van Nederlands nie.

Nou waaroor stry ons dan?

As ek dit mag waag, sou ek sê die verwarring spruit uit 'n ondeurdagte omskrywing van Standaardafrikaans (SA). Wat my betref, is SA per definisie nie 'n variëteit van Afrikaans nie. Dit is 'n abstrakte vorm van geskrewe Afrikaans wat in bepaalde formele situasies gebruik word. Die norme vir geskrewe Afrikaans is bloot die standaardisering van geskrewe Afrikaans en dit het niks te make met die reg of verkeerd van variëteite nie. Elke variëteit van Afrikaans het sy eie standaard wat nie formeel deur iets soos 'n Akademie se taalkommissie bereël word nie. Standaardafrikaans is die formele, veral geskrewe vorm van Afrikaans wat nie aan enige streek of klas verbind kan word nie, en wat gebruik word soos wat 'n bron soos die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) voorskryf.

Dit behoort uit die gesprek tot dusver duidelik te blyk dat die gesproke variëteite van Afrikaans hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, uit die kontak tussen sewentiende-eeuse Nederlands en veral Khoi en Oosterse tale ontstaan het. In al hierdie gevalle was Nederlands die teikentaal.

Standaardafrikaans lyk vir my egter iets heeltemal anders, ook histories gesien. Dit is nie 'n variëteit van Afrikaans nie, want dit is 'n geïnstitutionaliseerde weergawe van die taal en lê op 'n heel ander funksievlak as die variëteite. Die geskiedenis van Standaardafrikaans is nie die geskiedenis van Afrikaans nie! Dit word duidelik as 'n mens die geskiedenis van die AWS bekyk, en die geskiedenis van die AWS is myns insiens verteenwoordigend van die geskiedenis van Standaardafrikaans omdat die standaardisering van 'n taal saam met die reglementering van die taal as kultuurtaal loop. Die ontwikkeling van Afrikaansas kultuurtaal



loop saam met die opkoms van Afrikanernasionalisme en die politiek wat daarmee saamhang.

Teen hierdie agtergrond is die ontwikkeling van Standaardafrikaans sedert die begin van die twintigste eeu aanvanklik 'n politieke reaksie op die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) se aanvaarding van gesproke Voorpos-Afrikaans as skryftaal. Teen die einde van die negentiende eeu is GRA-Afrikaans baie laer gewaardeer as Nederlands, en het opvallend daarvan verskil. Dat GRA-Afrikaans as minderwaardig beskou is, spreek uit neerhalende verwysings daarna as “kombuistaal” en selfs “die verfoeilike Du-Toit-taal”. So 'n stelling word ondersteun deur die geskiedenis van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* oor die afgelope eeu, soos wat dit deur Christo van Rensburg beskryf word in 'n boek wat hopelik aanstaande jaar verskyn.

Standaardafrikaans is vroeg in die vorige eeu geskoei op 'n doelbewuste, en onnatuurlike, vernederlandsing van Afrikaans. Na my mening was dit juis 'n poging om variëteite wat toe lankal reeds bestaan het, uit te definieer as deel van Afrikaans. En ek hoef u nie te verveel met die politieke oorsake van die intellektuele groot trek terug Europa toe nie. Daar was 'n algemene gevoel onder ondersteuners van die nuutgestigte SA Akademie in 1909 dat Hollands belangrik is vir die opheffing van Afrikaans omdat Afrikaans sou kon deel in die kultuurprestasies van Hollands. Die Hollandse uitgangspunt met die skryf van Afrikaans blyk byvoorbeeld al uit die feit dat daar in die spelreëls van AWS 1 sewe keer die frase “net soos in die V.H.S (vereenvoudigde Hollandse spelling)”.

Daar is Afrikaanse taalkundiges wat na dié gedwonge vernederlandsing van SA verwys as 'n verryking van Afrikaans. Vir my voel dit meer na 'n verarming wat die kloof tussen die gesproke variëteite van Afrikaans en Standaardafrikaans beklemtoon en onnodig kompliseer.

## **SLOT**

Wanneer ek oor die geskiedenis van Afrikaans met u gesels, dan gaan dit vir my om Afrikaans as 'n taal van Afrika. Dit is my Afrikaans wat op grond van die wetenskaplike studie van taalvariasie daarop dui dat Afrikaans van meet af inheems is en daarmee saam gedekoloniseer word.

Die waarheid is dat Afrikanernasionalisme die Afrika-hart uit Afrikaans geruk het. Versoening, glo ek, lê in deeglike, objektiewe en wetenskaplike navorsing en dat ons versoen in die transformasie van Standaardafrikaans, sonder om ons skuldig te maak aan ondeurdagte linguistiese kaderontplooiing.